# KAMMA-KLETS

Kwartaal 3 | Derde Uitgawe | 17 Oktober 2025



**In Hierdie Uitgawe**


▪Toit's Story3
*Boys will be…*

▪Exit-Reeks
*'n Reis van afskeid en 'n nuwe begin*

▪'n Getuienis:
*Bly volhard soos atlete*

▪'n Getuienis:
*Van wanhoop na hoop*

▪Uit die Argiewe
*Kragga Kamma se orrel*

▪MTR Uitreik
*Saam op 'n sending van liefde*

▪Belydeniskamp
*Los jou merk!*

▪Afrikaans is 100
*Ons vier die ryk erfenis van ons mooi taal*

▪Blokraai Binne


▪Oopkop ouer-skap
*Dogters- en Seuns mammas: Stories oor die vreugde van ouerskap*


***En Nog Meer…***

***Maak 'n draai binne – jy wil nie hierdie misloop nie!***

# DS TOIT'S STORY 3

### *Boys will be Boys…*




Dit het ek al vreeslik baie in my lewe gehoor. Ek het grootgeword met 2 ouer broers. Ek het 8 nefies (en 1 niggie), ek was in 'n seunskool en in 'n manskoshuis op Universiteit, en nou het ek 2 seuns. Ek skud my kop as ek hoor "*boys will be boys*", want ek glo liewer "*boys will be what they are taught*". Groepsgedrag is 'n gevaarlike ding en as die manne anders moet praat of optree wanneer 'n dame die vertrek binnekom (of die jagtrip bywoon), dan is die omgewing nie gesond nie.

In hierdie uitgawe, met Augustus wat vrouemaand was, fokus ons uniek op sekere van die dames in ons gemeente. Gaan lees gerus van Anita se ongelooflike swangerskap-getuienis, De Wet se wysheid met die dames, of die Oopkop Ouerskap rubrieke. Jy kan selfs jou kennis oor die vroue in die Bybel toets met ons blokraai in hierdie uitgawe.

Ten laaste, 5 jaar gelede, ten tyde van my beroepingsproses na Kraggakamma Gemeente, kry ek gereeld e-posse en WhatsApp's vanaf Niekie, die gemeentebestuurder. In my kop is Niekie, soos Niekie van den Berg, seker 'n man wat hier by Kraggakamma werk.

Groot is my verbasing toe ek vir 'n proefpreek kom en Niekie, maar spesifiek Lonika Oosthuizen, staan en wag my in op die lughawe. Vandag lag ek lekker daaroor, maar ek besef dat ek ook versigtig moet wees vir die afleidings en aannames wat ek oor mense maak. Lees gerus Niekie se pragtige lewensveranderende getuienis in hierdie uitgawe.

Geniet die lees van die nuutste uitgawe.

Ons probeer met elke uitgawe verbeter. Hierdie bly 'n gemeente koerantjie, so ons wil jou steeds uitnooi indien jy 'n storie wil skryf of 'n voorstel wil maak om ons te kontak by kraggakammaklets@gmail.com






# Exit-Reeks

## Week 1: Exit uit die Bekende

**Teks: Eksodus 1:1-2:10**

-Wat is die goed wat maak dat ek nie die mens kan wees wat God my gemaak het nie? Wat hou my in slawerny?

-In watter areas van jou lewe het jy al God se bevrydende werk (Exit) beleef of verlang jy daarna?

## Week 2: Exit van Plek tot Persoon

**Teks: Eksodus 14:1-31**

-Israel moes leer dat dit nie saak maak waar jy jou bevind nie, maar eerder oor wie God is.

-Leer om in alle omstandighede, op enige plek, in God te bly glo en te vertrou. Hulle exit as't ware van 'n plek na 'n verhouding met 'n persoon.

## Week 3: Exit na die Woestyn – Verset na versorg

**Teks: Eksodus 16:1-18**

-Ons pad van vryheid is ook nie altyd maklik nie en ons bevind onsself dikwels ook in woestynomstandighede wat twyfel en onsekerheid in ons lewens teweeg bring. Ons gryp ook terug na die ou en bekende.

-Hoekom vergeet ons so vining wat die Here vir ons gedoen het? Hoe kan ons genoegsaam van dag tot dag leef?

## Week 4: Exit met Rigting

**Teks: Eksodus 19-20:26**

-God gee (tien) woorde vir 'n groep mense wat op soek is na identiteit: hulle is nie meer slawe nie, maar wie is hulle dan?

-By die berg Sinaï sê God vir hulle: Julle is my kinders. Ek is julle God, en julle moet vir die wêreld wys hoe my liefde lyk.

# Gemeente Ete
# -‘n Fees van Gemeenskap en Geloof-

Op Sondag, 16 Augustus, het Kraggakamma se gemeentelede saamgekom vir ‘n besondere middagete wat deur sowat 160 mense bygewoon is.

Die saal was gevul met die gelag van kinders, die warm geselskap van vriende en familie, en die heerlike geur van tuisgemaakte kos.

Rondom die etenstafel is stories gedeel, herinneringe gemaak en nuwe vriendskappe gesmee. Hierdie geleentheid was meer as net ‘n ete – dit was ‘n viering van geloof en familie. ‘n Samesyn waar jonk en oud die waarde van gemeenskap eerstehands kon beleef.

Die dag is afgesluit op die beste manier denkbaar: met tradisionele malvapoeding en vla. En natuurlik ‘n koppie boeretroos wat almal nog ‘n bietjie langer bymekaar gehou het.

Soos een lidmaat dit treffend gestel het: “Dis in sulke oomblikke dat ons besef hoe kosbaar saamweesgeleent-hede by ons gemeente-familie is.”

Ons sien met groot verwagting uit na nog baie sulke kosbare saamwees-geleenthede by Kraggakamma!








# Een vrou uit die Bybel wat my Inspireer



Dit is 'n onmoontlike taak om te kies tussen 'n aantal uitstaande vroue in die Bybel. In my nadink oor 'n lang lys van inspirerende vroue, staan die naamlose dogtertjie in 2 Konings 5 om verskeie redes vir my uit:

Tydens 'n strooptog deur die Arameërs in haar land is sy as gevangene weggevoer na Damaskus. Daar is sy in diens van die vrou van Naäman, hoof van die leër van die Arameërs. Hierdie mense het waarskynlik die heidense god, Rimmon, aanbid.

Ek sal baie moeilik my heidense vyande, veral nog as hulle my as slaaf na hulle eie land saamneem, kan liefhê. Die dogtertjie toon egter geen bitterheid of wrok nie. In plaas daarvan wys sy deernis vir Naäman. Sy het haar vyand lief en wil hom graag gesond sien.

As Naäman siek word getuig sy onverskrokke: "Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kan uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak." (2 Konings 5:3). Die dogtertjie se geloof staan in sterk kontras teenoor die gebrek aan geloof by haar volk. Die meeste van die landsburgers het nie in hierdie stadium die Here aanbid nie. Haar geloof in God en sy profeet Elisa het gemaak dat Naäman spoedig vertrek het om Elisa te gaan ontmoet vir genesing van melaatsheid - iets wat op hierdie stadium nie menslik moontlik was nie.

God gebruik 'n dogtertjie om deel te wees van Naäman se liggaamlike en geestelike genesing. Sy fisiese genesing lei tot sy aangrypende belydenis: "Ek weet nou daar is geen God op die hele aarde nie, behalwe in Israel." (2 Konings 5:15) Hy verklaar dat hy voortaan net aan die Here, en aan geen ander god nie, offers sal bring.

Dit is die vrug van God se werk deur 'n naamlose gelowige dogtertjie!

Mag God, deur Sy Heilige Gees, ook vir my en jou vernuwe om soos die kindertjies lief te hê, te getuig en te dien.



***-Artikel geskryf deur Ds MG.***

*Wanneer Ds MG by 'n restaurant sit, bestel hy gewoonlik 'n lemmetjie melkskommel-*

# Anita Benade se Verhaal





Ek het grootgeword en dit as vanselfsprekend aanvaar dat mense kinders het. Sprokiesverhale leer mens immers dat verliefde paartjies trou en uit die huwelik word daar kinders gebore. Ek en my man is in die jaar 2000 getroud en eers na 8 jaar het ek vir die eerste keer swanger geword. Ons was in ekstase en verskriklik bly. Ons het die Here geloof en geprys. Op ses weke het ek die baba verloor. Ek is daarna met graad 3 endometriose gediagnoseer.

Die jaar daarna is ons na 'n infertiliteitspesialis verwys en ek het daar 'n operasie vir die tweede keer herhaal. Saam met die endometriose is ek ook met polisistiese ovaria gediagnoseer. Die kans op spontane swangerskap was nie goed nie en ek is aangeraai om vir kunsmatige inseminasie te gaan. Dit is 'n baie uitmergelende proses omdat alles altyd op die regte tyd moet gebeur. Ons was eers met die tweede kunsmatige inseminasie-siklus suksesvol. Ons was swanger! Ons het weereens die Here geloof en geprys. Maar op nege weke het ek weer die baba verloor.

Dit het vir my 'n erge geestelike worsteling geword. Ek het myself afgevra waar God is. Ek het gewonder of daar wel 'n God is. Ek het gewonder hoekom Hy dit toelaat. Wat is geloof en wat is vertroue – is dit nie maar net "wishful thinking" nie? Ek het gevoel dat God my verlaat het. Ek was baie alleen, baie hartseer en het myself in 'n diep donker gat bevind waar daar nie vir my lig was nie – geen uitweg nie. Ek was omring deur swanger vroue en dit het gevoel asof God sout in my wonde gevryf het. Almal om my het swanger geword: my skoonsus, vriende en kollegas by die werk.

Mense het my op daardie tydstip anders begin behandel. "Sy het mos nie kinders nie" was 'n opmerking wat ek telkens moes aanhoor – dit het diep gesny. Ander opmerkings wat ek gehoor het was: "Ag gaan drink 'n bottel rooiwyn" of "jy het hulp nodig". Dit het seergemaak en ek kon niks daaromtrent doen nie.

Ons het nog twee inseminasie-roetes gedoen wat albei onsuksesvol was. Ek het al soos 'n proefkonyn gevoel. My privaatheid was iets van die verlede. Ek het nog meer in God se bestaan begin twyfel. Ons bid dan só hard, ons gebruik die inspuitings klokslag en ek is al so vol gate gesteek dat ek met tye gesukkel het om te loop of te sit.

Elke siklus was vier weke van hel. Ons moes vier weke wag om te sien of die medikasie gewerk het. Vier weke daarna moes ons vir die inseminasie gaan. Vier weke na dit moes ons wag vir die swangerskaptoets se uitslag, net om uit te vind dat dit weer negatief was.

Elke keer op die dag wat ek die negatiewe uitslag ontvang het was daar iemand naby aan my wat kom deel het dat hulle swanger is. Nét soos die duiwel dit wou hê. Mense wat nie eers probeer het nie, mense wat dit nie eers wou hê nie. Dit het gevoel asof die Here my straf en nog meer sout in my rou wonde invryf. My familie en vriende het my op hierdie stadium begin vermy.

Teen daardie tyd was dit al twee jaar later en ons was reeds tien jaar getroud. Ons het besluit om van dokter te verander en ek is vir die derde keer geopereer .

# Anita se Verhaal

## -Vervolg-

Bo-op die endometriose was die skade van die vorige operasies enorm. Die dokter het beweer dat die kans op spontane swangerskap nul was. Sy woorde was: "Alhoewel ek in wonderwerke glo sal dit regtig 'n wonderwerk neem vir jou om spontaan swanger word. Maar omdat jy reeds 34 word het ons nie tyd om vir 'n wonderwerk te wag nie." Hy het aanbeveel dat ek vir in-vitro behandeling gaan.

Ons het begin geld spaar en het die vorms ingevul om in Januarie vir die behandeling te gaan. Dit was toe sowaar nie nodig nie. Ek het in Januarie spontaan swanger geraak. Dit was ongelooflik! Ons het die Here geloof en geprys en gedank vir Sy genade.

Maar... ek het daardie baba op sewe weke verloor. Ons was platgeslaan. Ek het weer begin vrae vra: Hoekom doen God dit? Hoekom maak Hy my swanger net om dit weer van my af weg te vat? Ek was in 'n stryd gewikkel en was só kwaad vir God. Dan lees 'n mens nog stories oor babas wat op ashope weggegooi word en mense wat hulle kinders doodmaak. Dan is daar ons wat brand om 'n kind te hê en nie die kans gegun word nie.

Vanaf Januarie was ek kwaad vir God, maar in Mei-maand het ek teruggekeer na die Here toe. Ek het in my binnekamer op my knieë gegaan en ek het weer tot die Here begin bid. Ek het my hart voor Hom uitgestort en het bedroef gehuil. Ek het geskree en gevra waarom Hy my dan nie hoor nie en gesmeek dat Hy tog wel my gepleit sal hoor.

Ek het die Here gesmeek vir 'n kind. Ek het Hom gesmeek vir 'n geleentheid om ouerliefde te kan ervaar. Al wat ek wou hê was 'n babatjie. Ek het aan die Here 'n belofte gemaak. Ek het belowe dat indien Hy aan my 'n seun skenk, ek daardie seuntjie Samuel sal noem. En kan julle glo ... klein Samuel is toe op 24 Januarie 2013 gebore. Ek het 'n jaar na Samuel se geboorte weer swanger geword en my tweede seuntjie, Reuben, is op 20 Februarie 2015 gebore.

Vandag besef ek dat God elke tree van die pad saam met my gestap het. Hy het my gedra toe ek Hom verwyt het. Ek besef vandag wat die ware krag van gebed is en ook wat die ware betekenis van geloof is.

God se tyd is nie ons tyd nie. My storie is nie almal se storie nie, maar ek kan getuig dat wonderwerke steeds gebeur. Samuel en Reuben sal altyd my lewende bewyse wees van my persoonlike wonderwerk.









# Niekie se Getuienis



Ons almal ken die lied: "Bly volhard soos atlete, dis God wat die wedloop bepaal".

Niekie, ons geliefde kerkkantoor-tannie, ken dit ook … en ek dink sy het daai eerste deeltjie BAIE letterlik opgeneem.

Niekie het tydens die Covid-inperking begin stap. Dit was aanvanklik stadig en moeilik. Niekie was nie net onfiks nie maar ook oorgewig. Soms het haar familie saamgestap en soms het sy sommer alleen gaan stap. Later het sy selfs stukkies begin draf.

Met die gevolg … Die kantoor-tannie het voor en na Covid heeltemal anders gelyk! Nadat die inperking gelig is en ek Niekie eendag na kerk raakloop moes ek twee keer kyk of dit wél Niekie was.

Niekie se hardlopery het egter nie aan die einde van Covid gestop nie. Sy het aanhou draf. Week na week het Niekie haar afstand verleng – van een kilometer na vyf en toe na tien. Niekie het nou al 17 half-maratons op haar kerfstok, asook 'n 25 km wedloop.

Niekie se liggaam het verander; haar skouers is regop, haar asemhaling is dieper, haar hart is sterker. Niekie se grootste transformasie was egter dié van haar binneste. Sy het geleer om te volhard.

Sy het besef dat dit is soos wat die apostel Paulus geskryf het:

"Weet julle nie dat die wat in 'n wedloop hardloop, almal wel hardloop maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan so dat julle dit kan verkry." (1 Korintiërs 9:24)

Niekie se reis van stapper na langafstand-hardloper het haar geleer dat geloof, net soos 'n wedloop, nie in een dag gewen kan word nie. Dit vra geduld, toewyding en volharding.

Elke tree vorentoe – al is dit 'n klein treetjie – bring jou nader aan die wenpaal.

Ons wens Niekie nog vele veilige kilometers toe in daardie draf-tekkies van haar. Ons sal aanhou aanmoedig van die kantlyn af. Draf is nie vir almal nie…

***-Deur Christelle Blom-***
*(Christelle harloop net agter haar kinders aan.)*










# Wyse Woorde Uit 'n Matrikulant Se Pen : Hanteer Haar Só



Ek glo nie daar is 'n universele wete van wanneer iemand jou "sielsgenoot" is nie. Ek keer altyd terug na dieselfde ding: *if you know, you know*. Daardie instinktiewe gevoel van sekerheid – om sonder twyfel te weet dat hierdie persoon jou lewensmaat gaan wees. En ek glo dit is net te danke aan die Here se genade.

Die Bybel sê vir ons dat twee beter as een is, dat die een die ander kan optel wanneer hulle struikel. Die eintlike doel van hierdie skrywe is 'n kode aan jong mans oor hoe om hulle meisie te hanteer. Hierdie "wenke" geld egter dieselfde vir beide partye.

Die sterkste verhouding waarvan ons weet is die Heilige Drie-Eenheid. Daarom dink ek dat vir 'n verhouding om suksesvol te wees, dit dieselfde formaat moet volg. Beskou dit as 'n driehoek: 'n godsdienstige verhouding met die Here as die basis van die vorm en dan die twee sye wat op mekaar staatmaak vir ondersteuning en balans – jy en jou maat. Seuns, hiermee wil ek uitlig dat wanneer jou meisie 'n probleem ondervind, die hoofdoel nie altyd is om die probleem op te los nie! Ek is self skuldig daaraan – ons sien 'n probleem en daardie manlike neiging om alles te "fix", skop in. Maar dit is juis hoekom ek gesê het 'ondersteun'. Soms is net die wete dat jy iemand het wat na jou sal luister, iemand wat jou sal vashou wanneer dit moeilik raak en iemand waarop jy kan staatmaak, baie beter as net 'n vinnige oplossing.

In vandag se tyd versprei stories vinniger as 'n veldbrand, daarom is dit belangrik dat jou verhouding bly soos wat dit bedoel was om te wees: tussen *twee* mense – jy en jou maat. Daarmee bedoel ek nie dat jy nie met iemand betroubaar kan gesels of raad vra nie. Ek noem net dat jy eerder nie die klein goedjies of tye wanneer julle van mekaar verskil moet uitblaker aan ander partye nie. Hou dit eerder tussen die twee van julle. Derde partye kan later 'n probleem word wanneer hulle dinge uitlaat wat al lankal tussen die twee van julle opgelos is en dan kan julle onnodig seerkry.

In tye van onsteldheid kan daar iets gesê of gedoen word wat jou ernstig seermaak. Dit is dus belangrik om nie te reageer wanneer jy nie kalm is of nie oopkop kan dink nie.

'n Goue reël om te volg is om 'n probleem so gou moontlik op te som en uit te sorteer. Moet dit nie uitstel of afstel nie. Uitstel kan daartoe lei dat een van die partye voel dat hy/sy nie-gehoor word nie en as minder belangrik beskou word.

Laastens wil ek noem dat verhoudings vandag te vining moed verloor. Gesels bietjie met jou ouma of oupa en vra hoeveel keer hulle al vasgesit het in hulle verhouding – ek kan jou waarborg dit is meer as wat vandag se paartjies deurmaak. Tog het hulle nie sommer moed verloor nie. Wat ek probeer sê is dat niemand perfek is nie – inteendeel, daar was nog net een volmaakte mens in die geskiedenis van die aarde, en kyk wat het met Hom gebeur. Dit is hoekom ek glo dat vergifnis een van die belangrikste aspekte van enige verhouding is. Die Here sê vir ons dat ons moet vergewe soos wat ons eendag vergewe wil word (Kolossense 3:13). Moet dus nie moed in mekaar verloor nie. Deur goed te wees vir mekaar, werklik om verskoning te vra vir iets wat jy weet jou maat ontstel het, en om mekaar lief te hê soos Christus die kerk liefgehad het, gaan maak dat julle die lewe saam sal uitleef.

Baie mense dink dat liefde net 'n emosie is – en dit is wel so vir 'n tydperk van enige verhouding. Maar soos wat die verhouding groei, gaan daardie gevoel van "butterflies" dalk nie altyd so teenwoordig wees nie. Dit is dan wanneer julle moet kies om mekaar lief te hê. Onvoorwaardelike liefde is 'n keuse – soos wat God daagliks kies om ons lief te hê ten spyte van ons oortredings. Net so moet jy jou maat kies in tye van geluk, hartseer, ontsteldheid en onsekerheid. Ware liefde is nie iets wat oornag ontstaan nie – dit is iets wat gebou word en die Bybel besit die perfekte bouplan.

Ek hoop dat my skrywe iets van waarde vir jou gebring het, of dat jy die lewe nou deur 'n nuwe oogpunt kan beskou.



***De Wet Gerber is 'n matrikulant by Hoërskool Framesby. De Wet het baie hare op sy kop, baie troeteldiere en "vreeslik" baie wysheid oor die lewe***



# Uit die Argiewe

## -Ons Orrel : 1976-

**WYDINGSDIENS 9 vm.**
Prediker dr. W. J. B. Serfontein

VOTUM EN SEËNGROET
LOFSANG: PS. 116:1, 2, 7 en 10
WET
SKULDBELYDENIS: GES. 80:1
VRYSPRAAK
GELOOFSBELYDENIS, GEVOLG DEUR GES. 80:6
DOOPBEDIENING: DS. J. F. VILJOEN
KOORSANG: LOOF DIE HEER
GEBED EN OPENING VAN DIE WOORD
SKRIFLESING: PS. 126 EN JOH. 15
GEMEENTESANG: GES. 155:4
WOORDVERKONDIGING
DANKGEBED
OFFERGAWES
SLOTSANG: PS. 128:1 en 4
SEËN

**AANDDIENS**

VOTUM EN SEËNGROET
LOFSANG: PS. 98:1 en 3
GELOOFSBELYDENIS (WORD HARDOP DEUR GEMEENTE BELY)
GEBED EN OPENING VAN DIE WOORD
SKRIFLESING: PSALM 96
GEMEENTESANG: GES. 89:3
WOORDVERKONDIGING
DANKGEBED
OFFERGAWES
SLOTSANG: PS. 33:2
SEËN

## PROGRAM

**ORREL- EN KOORUITVOERING 7.45 NM.**

- Orrel: PRELUDIUM EN FUGA IN C MAJEUR (BWV 545) ........ J. S. Bach
- Koor: PSALM 116:1
  Orrel: SES VARIASIES OOR PSALM 116 ........ A. v. Noordt
- Koor: GESANG 99:2
  Orrel: DRIE VARIASIES OOR GESANG 99 ........ J. Pachelbel, J. G. Walther, J. P. Kellner
- Koor: PSALM 42:1
  Orrel: DRIE VARIASIES OOR PSALM 42 ........ M. Reger, S. Karg-Elert, H. Temmingh
- Orrel: TOKKATA EN FUGA IN D MINEUR (BWV 565) ........ J. S. Bach

Bedankings

**GESELLIGE SAMEKOMS IN SAAL**
U word nou hartlik uitgenooi om verversings in die saal langsaan te kom geniet.



DIE N.G. gemeente Kragga Kamma in Port Elizabeth neem aanstaande maand 'n besondere orrel in gebruik. Dit is 'n meganiese barokorrel met 'n rugwerk en die eerste in sy soort wat in Suid-Afrika vervaardig is.

# Gemeente kry eerste plaaslike barok-orrel

'N BESONDERE orrel word aanstaande maand in die kerk van die N.G.-gemeente Kragga Kamma, Port Elizabeth, in gebruik geneem.

Die orrel, wat gebou is deur 'n onderneming in Ottery, is 'n meganiese barok-orrel met 'n rugwerk en die eerste in sy soort wat in Suid-Afrika gebou is.

Dergelike orrels in die land is almal ingevoer, terwyl die meeste kerkorrels elektries is. Met hierdie orrel word net die lug deur 'n elektriese motor verskaf, maar die instrument word verder deur die orrelis meganies beheer.

Mnr. André Wattel, eienaar van die onderneming wat die orrel ontwerp en saam met sy twee seuns, André en Peter, gebou het, sê die orrel is gegrond op vroeëre barok-orrels. Dit is 'n besondere orrel omdat hy heeltemal meganies werk. Die neiging sedert 1930 was om elektriese orrels te gebruik.

Die orrelis het meer kontak met die instrument, en die voordeel van die rugwerk i dat ou kerkmusiek gespeel kan word e tot sy reg kan kom. Effekte word verkr wat normaalweg skaars is. Die rugwerk i amper 'n orrel op sy eie.

Iets wat ook selde gesien word, is di horisontale trompette, 'n ontwerp uit Spanje Die neiging is om terug te keer na meganies orrels het mnr. Wattel, 'n kenner van o kerkmusiek, gesê.

'n Demonstrasie is eergisteraand by di fabriek gelewer deur dr. H. Temmingh va die konservatorium aan die Universiteit va Port Elizabeth en mnr. B. Scholten va die Universiteit van Stellenbosch.

Volgens dr. Temmingh, wat as raadgewe opgetree het, het 'n meganiese orrel ' beter klank. Die onderhoud aan die instrument is baie min as hy goed gebou is.

Mnr. Wattel, wat as seun die bladsye vir Albert Schweizer vasgehou het wanneer hy uitvoerings in die Utrechtse Domkerk gegee het, was ná die demonstrasie baie in sy skik met die orrel se klank.

DIE BURGER, SATERDAG, 17 JULIE 1976

# Uit die Argiewe

## -Ons Orrel... Vervolg-



**SONDAG 8 AUGUSTUS 1976**
**INGEBRUIKNEMING VAN ORREL**

### VOORAF

Ons gemeente was pas 'n halfjaar oud toe die kerkraad op 17 September 1973 besluit het om 'n orrelkommissie aan te stel "wat die kerkraad met beredeneerde voorstelle kan dien aangaande die aankoop en installering van 'n orrel vir die nuwe kerkgebou". Die volgende persone dien op die orrelkommissie: ds. J. F. Viljoen, diaken D. J. Kriel, diaken P. H. Oosthuysen, diaken H. S. Rix, mev. H. A. Dippenaar en mev. M. M. W. Veldtman.

Ná deeglike ondersoeke deur die orrelkommissie, raadpleging van deskundiges en demonstrasies van elektroniese en pyporrels, besluit die kerkraad in Februarie 1974 op 'n pyporrel. Dr. Henk Temmingh is as adviseur vir dié doel aangestel. Hy het spesifikasies opgestel en tenders is van verskillende orrelbouers gevra.

Op 3 September 1974 is 'n kontrak gesluit met die suksesvolle tenderaar, die firma Suidelike Orrelbouers (eienaars: A. Wattél en Seuns) van Kaapstad. Noue samewerking tussen adviseur, argitek en orrelbouer het tot gevolg gehad die puik instrument in 'n kerkgebou waarin orrel en kerkruim mekaar akoesties en esteties pragtig aanvul.

Die eeue oue orrelboukuns van Europa het voorwaar 'n waardige eksponent in Suid-Afrika, soos hierdie handewerk van mnre. André Wattél en Seuns getuig.

SOLI DEO GLORIA!

### DIE ORREL

**BOUER:** Suidelike Orrelbouers (A. Wattél en Seuns)

**ADVISEUR:** dr. H. Temmingh

**DISPOSISIE**

**HOOFWERK**
Prestant 8'
Gedek 8'
Oktaaf 4'
Roerfluit 4'
Kwint 2 2/3'
Gemshoring 2'
Mikstuur 1⅓' 3–4 st
Trompet 8' (horisontaal)

**RUGWERK**
Singend gedek 8'
Prestant 4'
Kwintadeen 4'
Oktaaf 2'
Nasard 1⅓'
Sesquialtera 2 2/3' 2st
Skerp 2/3' 3 st
Dulsiaan 8'
Tremulant

**PEDAAL**
Subbas 16'
Prestant 8' (tr)
Koraalbas 4'
Ruiskwint 2 2/3' 2 st
Basuin 16'
Skalmei 4'

**KOPPELS**
Rugwerk na Hoofwerk
Hoofwerk na Pedaal
Rugwerk na Pedaal

**AANTAL PYPE:** 1400

**AKSIE:** suiwer meganiese sleepla



Dr. Henk Temmingh




# Belydeniskamp




Maya Angelou het gesê: *"If you're going to live, leave behind a legacy. Make an impact on the world that can never be erased."*

Hierdie woorde het 'n besondere betekenis gekry tydens die Belydenisklas Kamp wat op 9-10 Augustus plaasgevind het.

Twintig jongmense het bymekaargekom om nie net saam te lag en te gesels nie, maar ook om dieper te dink oor hulle verhouding met God, hulle lewensdoel en die nalatenskap wat hulle eendag sal nalaat.

Die kamp-gesprekke het gehandel oor die 15 karakter-eienskappe wat geskoei is op die All-Black Rugby span, soos saamgevat in James Kerr se boek, Legacy.

Soos die All Blacks in sport leer, het die jongmense ook ontdek dat geestelike groei en leierskap hand aan hand gaan: om op te offer, om ander te lei, en om 'n nalatenskap te laat wat God eer.

Hierdie kamp was dus meer as net 'n naweek-wegbreek. Dit was 'n herinnering dat elke jongmens geroep is om 'n ligdraer te wees, om sy of haar fakkel aan die volgende geslag oor te gee en om 'n blywende impak te maak wat nooit uitgevee kan word nie.

**Maak jou merk!**









# ‘n Betekenisvolle Dag van Saamwees en Hoop

Kinderoord MTR SMIT Children's Haven

Op Sondag, 24 Augustus, het Kraggakamma gemeente hulle jaarlike gesinsuitreik na die MTR Smit Kinderoord gehad – ‘n dag vol glimlagte, speletjies en hartlike ontmoeting.

Ongeveer 15 gesinne het die dag saam met die 80 kinders van die kinderhuis deurgebring. Dit was nie net ‘n uitstappie nie maar ook ‘n ware geleentheid om bande te bou en mekaar beter te leer ken.

Die jongspan het hulself vermaak met speletjies, terwyl die reuk van varsgebraaide boereworsrolle die lug gevul het. Die sappige naartjies en vyf splinternuwe sokkerballe was sommer die kersie op die koek en het groot vreugde gebring.

Nog ‘n spesiale oomblik was toe die gemeente die 13 dogters van Huis 9 beter kon leer ken. Met trots het die meisies hul huis en kamers aan die besoekers gewys – ‘n klein, maar kosbare venster in hul wêreld. Vir die Kraggakamma gemeente is dit ‘n voorreg om regdeur die jaar hierdie jong meisies te ondersteun en saam met hulle op die pad van hoop te stap.

Sulke uitreike herinner ons daaraan dat dit nie net gaan oor gee nie maar ook oor saamwees, om liefde te deel en om waardigheid te herstel.

Indien jy ook wil deel word van hierdie bediening aan MTR Smit Kinderoord, kontak gerus vir Linda Rossouw by 084 402 4396.







# Fontein-Vriende : Afrikaans is 100

AFRIKAANS AMPTELIK 100

Die Fonteinvriende het Donderdag, 28 Julie, Afrikaans se 100ste bestaansjaar gevier met die tema: “Ons **KAN** in ons taal.” Daar is gesing, baie gelag en heerlik geëet – alles in Afrikaans.
Liewe Heksie het kom verras en Fonnie du Plooy was die gas-spreker.

Fonnie se kwinkslae oor sy omroe-per-dae het almal vermaak.

Die “klank-kakkerlak” het probeer amok maak, maar kon die feestelike luim nie demp nie.

‘n Afrikaanse boer maak mos ‘n plan...




Die verrigtinge het na die kerkgebou verskuif en die verversings, onder andere, eg-Afrikaanse disse soos bobotie, melktert en pannekoeke is in die saal geniet.

Dit was heerlik om ‘n eeu in ons moedertaal op só ‘n manier te kon vier.





**Vir nuus oor toekomstige byeenkomste of om aan te sluit, kontak gerus vir Linda Rossouw (084 402 4396).**





# Afrikaans-100 : VIA




Nader aan 'n Hollywood Groot Aand kon ons eie Afrikaans 100-geleentheid op Vrydag, 12 September, nie wees nie! En dan praat ons nie eers van die groen wa met die gaste se aankoms nie.

Ons spoggerige aanbieders was John Dirker van Luister FM en Ronelle Wright as wynkenner wat die gaste met pittige sê-goed vermaak het.

Ds MG het die aand op gepaste wyse geopen, waarna die gehoor deur Enriko Kolesky Vermaak is met klavier, trekklavier en sang-begeleiding.

Marissa se vioolbegeleiding het die gehoor omtrent gestreel en so ook Jeff Taylor se saksofoonuitvoering. Elmarie Meyer se sang het verder gesorg om die gehoor in die regte stemming te bring vir die "hogere aand".

Twee prag voorlesings deur Martilie Jordaan en Elizma Harmse het tussendeur die lagspiere geprikkel.



Die geleentheid was natuurlik eg-Afrikaans met lekkernye soos Dossie se roosterkoek met snoekpatee, Sonja Spies se bobotie-happies, Sonja Tait se hoendersosaties en brandewyn-tertjies, asook Hertzoggies "a la Anita Esterhuizen". Marisa se pampoenkoekies was omtrent "vra-na-meer".

Voila! 'n Prag-aand van ons eie VIA - Vroue van Hoop.


**Vir meer inligting oor VIA of toekomstige geleenthede, kontak gerus vir Marisa van Wyk by 082 493 6258.**

***-Deur Erna Coetzee-***

*(Erna kan lekker skryf en ook lekker bobotie maak.)*














# Leef@kerk
# -Uitreik na Lillydale-




Ons Leef@kerk-tieners het Sondag-aand, die 7de September, na Lillydale Assisted Living in Sunridge uitgereik. Die tieners het agter die pannekoekpanne gestaan en het vir elke inwoner twee pannekoeke gebak. Die groep tieners het vinning korte mette met die 80 pannekoeke gemaak. Almal het die tydjie daar vreeslik geniet.

Ons glo dat die Lillydale inwoners die liefde kon proe en ons is opgewonde oor ons volgende kuier.

---

# Uit My Kombuis
# -Sneeuballe-



***-Deur Laura Krause-***
*Laura is al vir die afgelope 52 jaar 'n staatmaker in die gemeente*

## Bestanddele:

30 Malvalekkers

100 ml "Hot chocolate" poeier

200g Gesmelte Margarien

2 Pakkies Tennis Koekies

1 Blik Kondensmelk

Klapper

## Metode:

-Meng al die bestanddele behalwe die malvalekkers en die klappers


-Rol die malvalekkers toe in die mengsel en rol dit dan in die klapper

-Vries en sny in helftes of kwarte

***Neem Kennis:***

***Onthou om hande nat te hou sodat die mengsel nie vassit nie.***

# Raai-Raai-Riepa



## Dwars

**2.** Hierdie is die oudste vrou in die Bybel wat 'n kind gehad het (Gen 17:17)

**6.** Wat het die Israleiete gedurende die nag deur die woestyn gelei (Eks 13)

**7.** Wat is die ou rugbystadium in ons stad se naam?

**8.** Wat noem mens die huis waarin 'n Dominee woon

**9.** Hierdie vrou se man het 14 jaar lank gewerk om haar as vrou te kon kry (Gen 29:18, 27)

**10.** Watter dier is op die Oos- Kaap nommerplaat

**11.** Wie was Moses se broer

**14.** Waarvoor staan NG, in NG kerk

**16.** Watter nasionale vakansiedag vier ons op 24 September

**18.** Sy was kinderloos gewees en het haar kind van die Here afgebid ( 1Sameul 2:26-27)

**19.** Wat is Dominee MG se van

## Afwaarts

**1.** Wat is PE se nuwe naam

**2.** Op watter berg is die 10 gebooie aan Moses gegee (Eks 20)

**3.** Hierdie vrou se liefde vir haar skoonma is wat haar so bekend maak (Rut 1:16)

**4.** Wat is die naam van die links gholfbaan in Gqeberha wat in 1931 oopgemaak het

**5.** Wat noem mens die lokaal waar die kerkraad end bymekaar kom voor en na kerk

**12.** Wat was die agtste plaag (Eks, 10)

**13.** Hierdie vrou het die eerste tweeling in die bybel gehad (Gen 25:22)

**15.** Sy was die moeder van Jesus gewees (Mat 1:18)

**17.** Wat is die naam van die lighuis in ons stad reg langs die groot vlag en steen piramide?

# Uit die harte van Oopkop Ouers



## 5 Dinge Wat my tienerdogter moet weet



❶ Jou waarde lê nie in duur klere, die nuutste modes, wat ander van jou dink, of die balkies op jou skoolbaadjie nie. Dit lê in GOD.

❷ Kêrels gaan net soveel respek vir jou hê soos wat jy vir jouself het.

❸ Jy gaan foute maak, Dit is deel van grootword. Leer daaruit en beweeg aan.

❹ Vrees kom nie van God af nie ... Vra God om jou rustig te maak in moeilike tye.

❺ Moenie alles “overthink” nie... Leef, lag en maak die beste van elke dag.



***-Deur Ignet Vosloo-***
*(Ma van ‘n “pigeon-pair”, waarvan enetjie ‘n tienerdogter is)*

## Dis lekker om ‘n seuntjie-mamma te wees

In my jonger dae was ek ‘n volslae feminis - of dit danksy die Spice Girls se “girlpower” of as gevolg van my eie sterk, tog vroulike en sagte ma was, het ek geglo meisies kon alles doen wat seuns kon, en meer. Ek was ‘n “girly-girl” deur en deur. Mal oor dans, sing, koekies bak, glitter en mooimaak.

En toe gee die Liewe Vader vir my nie net één nie, maar DRIE seuns. Geen pienk frille of strikke was vir ons bestem nie – maar dít sal ek vir niks verruil nie.

Om ‘n seuntjie-mamma te wees verg energie, maar verskaf opwinding tot elke oomblik van die dag. Die slagspreuk: “expect the unexpected” word jou lewensleuse en jy leer om te rol met die houe – lekkerlik en figuurlik.

Ek het vir die doel van hierdie skryfstuk by ander seuntjie-mammas gaan vra hoekom dit vir hulle lekker is om ‘n huis vol manne te hê.

Hulle het die volgende gesê:

❶ Tennisballe, krieketballe, snoekerballe – oral. In jou kar, in jou kombuis, onder jou voete. Seuntjie-mammas se balvaardighede bly ontwikkel!
❷ Alles met wiele (en enjins wat raas). Jy sal makliker ‘n karretjie as jou karsleutels in jou handsak vind. ‘n Seuntjie-ma ken alles van ‘n Massey Ferguson tot ‘n Ferrari.
❸ Hulle eet jou uit die huis uit en is gedurig honger, maar laat mamma soos ‘n Michelin-ster sjef voel (al is dit net ‘n ham en kaas *toastie*).
❹ Mamma is haar seuns se veilige hawe. Pappa mag dalk die een wees wat rofstoei, grappe maak en buite speel, maar Mamma is al wie hulle wil hê wanneer hulle harte seer of knieë stukkend is.
❺ Groot manne, klein hartjies. Dis ‘n voorreg om jou seun te leer dat ‘n man sterk en sag kan wees.

Dis lekker om ‘n seuntjie-mamma te wees! 



***-Deur Candice van Rooyen-***
*(Ma van 3 seunskinders)*

# Nog 'n Keer om die Son


## -Spesiale Verjaarsdae-



| Datum | Naam | Ouderdom |
|---|---|---|
| 13 Aug | Dick van der Spuy | 93 |
| 21 Aug | Anette Toerien | 94 |
| 22 Aug | Japie Theron | 90 |
| 18 Sep | Laurie Marx | 93 |
| 19 Sep | Judy Hattingh | 92 |
| 24 Sep | Rita Saayman | 92 |
| 28 Sep | Cecile Meyer | 91 |
| 28 Sep | Barbara Ott | 91 |
| 02 Okt | Anna Aucamp | 91 |





**Ons Hoeksteen is 50!**



# Doop Geleentheid

## -Ek het jou op jou naam geroep-



"Ek is kosbaar en spesiaal vir Hom" (Flam 80)

***Alé Beneke***
-31 Augustus 2025-



"God daag op in ons lewe en speel in ons span"

***Juan Ben Naude***
-12 Oktober 2025-



"Ek is kosbaar en spesiaal vir Hom" (Flam 80)

***WJ Lombard***
-31 Augustus 2025-

# Waarna Sien Ons Uit?

## Volgende op die kalender 2025

- **OKT 26** – 10DE MAAND DANKOFFER SONDAG
- **NOV 03** – VIA AFSLUITING
- **NOV 09** – KERSSANGDIENS (KLASSIEK)
- **NOV 13** – FONTEINVRIENDE FUNKSIE
- **NOV 14-15** – KERSMARK
- **NOV 16** – KERSSANGDIENS (EIETYDS)
- **NOV 22** – MTR SMIT KERSAFSLUITING
- **DES 02-04** – GRAAD 7-12 TIENER STAPTOER

# Woorde vir die Siel

